

# FOREWORD VOORWOORD

Due to rapid developments in the fields of science and technology in the present age knowledge has a disturbingly brief half-life. Knowledge needs to be continually up-dated and expanded — education has become a life-long process. The article on continuing nursing education in the United States creates an awareness of the fact that greater emphasis could be placed on continuing education for nurses in South Africa. It is the nurse's duty as a professional practitioner to ensure continued competence.

In the absence of the abundance of short continuing education programs which appear to be available in the United States extensive reading of professional literature should be an important part of every nurse's activities. The purpose of this journal is to publish nursing literature in a mainly South African context and contributing in this way to fulfilling the need for continuing education.

A professional journal further functions as an avenue through which members of the profession may share original ideas, findings and approaches in order to build the body of knowledge of the profession. Nurses are invited to participate in achieving the aims of **Curationis — The South African Journal of Nursing** by writing and submitting articles for publication. Ultimately authors contribute to professional development and improved patient care.

One of the most important means of expanding the body of knowledge of a profession is through research and the publication of research findings. Two of the articles in this issue represent original research by nurses. Although the areas of research are divergent — one clinical and one sociological — the findings of each author contribute to nursing knowledge and practice. One important aspect which emerges from the article on parameters of prognostic value in patients suffering from head injuries is the necessity for consistently accurate nursing observations and of astute interpretation of these observations.

As gevolg van die vinnige vooruitgang op die gebied van die wetenskap en tegnologie in die huidige eeu, het kennis 'n ontstellende kort halfleeftyd. Kennis moet voortdurend bygewerk en uitgebrei word — onderwys het 'n lewenslange proses geword. Die artikel oor voortgesette verpleegonderwys in die Verenigde State maak 'n mens daarvan bewus dat daar meer klem op voortgesette onderwys vir verpleegkundiges in Suid-Afrika gelê kan word. As professionele praktisyne is dit die plig van die verpleegkundige om te sorg dat sy bekwaam bly.

Weens 'n gebrek aan die oorvloed van kortkursses vir voortgesette onderwys wat skynbaar in die Verenigde State aangebied word, behoort dit 'n belangrike deel van elke verpleegkundige se werkzaamhede te vorm om wyd te lees. Die doel van dié tydskrif is om verpleegliteratuur hoofsaaklik in Suid-Afrikaanse konteks te publiseer en om op hierdie wyse tot voortgesette onderwys by te dra.

'n Professionele tydskrif dien verder as kanaal waardeur lede van die beroep oorspronklike gedagtes, bevindings en benaderings met mekaar kan deel om sodoende die kennigheid van die beroep uit te bou. Verpleegkundiges word genooi om saam te werk om die doelstellings van **Curationis — Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Verpleegkunde** — te bereik deur te skryf en artikels vir publikasie voor te lê. Skrywers dra uiteindelik tot professionele ontwikkeling en beter pasiëntesorg by.

Een van die belangrikste wyses waardeur die kennigheid van 'n beroep uitgebrei word, is deur navorsing en publikasie van die bevindings. Twee van die artikels in hierdie uitgawe verteenwoordig oorspronklike navorsing deur verpleegkundiges. Hoewel dit twee uiteenlopende navorsingsgebiede is — die een klinies en die ander sosiologies — dra die bevindings van elke skrywer tot die kennis en praktyk van verpleging by. Een van die belangrike aspekte wat uit die artikel oor parameters van prognostiese belang by die hoofbeseerde pasiënt na vore kom, is die noodsaaklikheid van volgehoue presiese verpleegwaarnemings en kundige interpretasie van die waarnemings.

Articles in this issue of **Curationis** begin with the neonate and end with retirement. This illustrates nursing as encompassing man's life-span in preventive, curative and rehabilitative service.

The first articles concern the child — the ill neonate, the chronically ill, the dying as well as the healthy child. In each case the author emphasises the need for the nurse to approach the child not only as an individual but also as a person living within a family context. The nurses' role in providing psychological and emotional support is also stressed. This aspect of caring, which should be present in all nursing situations, is part of that which makes the professional nurse much more than a mere technologist.

In the article on preparation for retirement the author indicates that this preparation is usually left too late — certain aspects deserve attention from the beginning of one's career. Although there may be doubt at first, this article has relevance for all readers.

Die artikels in hierdie uitgawe van **Curationis** begin met die pasgeborene en eindig met aftrede. Dit toon hoe verpleging die mens se lewe met voorkomende, genesende en rehabiliterende diens omvat.

Die eerste artikels handel oor die kind — die siek pasgeborene, die chronies-sieke, die sterwende asook die gesonde kind. In al die gevalle beklemtoon die skrywer die noodsaaklikheid dat die verpleegkundige die kind nie net as individu moet benader nie, maar ook as iemand wat binne die gesinsverband lewe. Die verpleegkundige se rol in die verskaffing van sielkundige en emosionele steun word ook onderstreep. Hierdie versorgingsaspek wat in alle verpleegsituasies aanwesig behoort te wees, vorm deel van wat die professionele verpleegkundige baie meer as net 'n tegnoloog maak.

In die artikel oor voorbereiding vir aftrede wys die skrywer daarop dat dit gewoonlik te laat kom — aan sekere aspekte moet van die begin van 'n mens se loopbaan af aandag gegee word. Hoewel daar aanvanklik miskien twyfel kan wees, is die artikel van belang vir alle lezers.

---